# KOMMUNIKAMMA 29 OKTOBER 2023

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 29 Oktober**
**HERVORMINGSFEES EN TIENDEMAAND DANKOFFER**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**Skriflesing:** Levitikus 11:44-45; 19:1-2; 20:26 en 1 Petrus 1:16
**Tema:** Die appel van nie ver van die boom nie.

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb. kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir There4 - Bedieninge**

**Maandag 30 Oktober**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**18:00 GETUIENIS**

**Woensdag 1 November**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**Vrydag 3 November**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 5 November**
**09:00 NAGMAAL**
**18:00 LEEF@KERK**

**GEBEDSAKE:**

- Ons kan nie ophou om die Here te loof vir lieflike reën en vol damme nie. Ons bid dat die Impofu dam ook sal vol kom, aangesien hierdie dam die stad van water voorsien.
- Ons bid die Here se seën toe op al die aktiwiteite van die laaste kwartaal.
- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Bid vir Elaine Greyling se seun, Ernst wat behandeling kry. Elaine sukkel self ook met haar gesondheid.
  Leana van Loggenberg wat herstel na 'n operasie.
  Elizma Harmse se ma, Bettie Rautenbach, is in die hospitaal.
  Miems Botha sterk tans tuis aan, nadat sy uit die hospitaal ontslaan is.
  Mike Tait is geopereer.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene en Midde-Ooste, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.
- Matrieks wat begin met hulle eindeksamen en almal wat besig is met die voorbereiding en skryf van eksamen.
- Bid vir die Getuienis Diensterrein vergadering, asook die vul van kerkraads en dienswerker vakatures.
- PE Noord gemeente hou op 4 November basaar. Bid die Here se seën daarop.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam met Christene in **Tunisië** wat deur hulle families verstoot word, dat hulle geestelike leiding en noodsaaklikhede om aan die lewe te bly, sal kry.

**VAKATURES OP DIE KERKRAAD**
Ons benodig 3 ouderlinge, 3 diakens en 14 dienswerkers. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb. die kerkkantoor.

| **KERKRAAD NAAMLYS EN KONTAK NOMMERSE** | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Bediening/Wyk** | **Kontak Nommer** |
| | FA Ouderling | |
| Hennie Bakkes | FA Diaken | 082 657 0008 |
| Arno Vosloo | FB Ouderling | 083 327 7472 |
| Judy Nienaber | FB Diaken | 079 242 3731 |
| Rian Viljoen | FC Ouderling | 082 559 7648 |
| | FC Diaken | |
| | GA Ouderling | |
| Johan van der Merwe | GA Diaken | 083 452 7190 |
| Piet Spies | GB Ouderling | 084 491 1213 |
| Pienaar Agenbag | GB Diaken | 083 261 7090 |
| Jean-Marï Oberhölzer | GC Ouderling | 083 657 9194 |
| Gaynor Swanepoel | GC Diaken | 072 191 3880 |
| Dossie Nortjé | SA Ouderling | 082 957 6084 |
| Colleen Botha | SA Diaken | 082 926 3897 |
| Frans Stapelberg | SA Ouderling | 082 773 6205 |
| Werner Nel | SA Diaken | 083 447 4677 |
| Gert Harmse | SC Ouderling | 082 906 6924 |
| | SC Diaken | |
| Johan Coetzee | SD Ouderling | 082 570 1561 |
| FJ le Roux | SD Diaken | 084 247 1839 |
| | BA Ouderling | |
| | BA Diaken | |
| Nico Nell | BB Ouderling | 082 772 6865 |
| Ryno Muller | BB Diaken | 082 447 5376 |
| | Jeug | |

| | | |
|---|---|---|
| André Strydom | Gemeentebediening | 083 321 2200 |
| Eugene Pretorius | Administrasie | 083 651 8732 |
| | Media | |
| Elizma Harmse | Kleingroepe | 083 940 5617 |
| Niekie Oosthuizen | Skakeling | 082 561 8747 |
| Dossie Nortjé | ViA | 082 957 6084 |
| Brendon Slabbert | Getuienisaksie | 082 324 3662 |
| | Diensverhoudinge | |
| Frans Krause | Musiek | 083 452 6396 |

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**A CHRISTMAS CELEBRATION**

4 Kore, waaronder die Cantando@Algoa koor, tree Sondag 29 Oktober om 16:00 by die St Cuthbert’s Anglican Church, op die hoek van Westbourneweg en Bingleystraat, op. Kaartjies kos R80 en sal by die deure beskikbaar wees. Kontak Gustel Agenbag (082 899 3804) vir meer besonderhede.

**HUISGODSDIENS MATERIAAL**

Huisgodsdiens op Toep

Die Dink Jeug Familie Toep bied daagliks (Maandae tot Vrydae) ’n 5 minute klankgreep (podcast) waarin ’n storie vertel word en ’n teks gelees word met ’n paar geselsvrae waaroor ’n gesin kan gesels. Daar is ook elke dag ’n gebedswenk en ’n doen-idee vir kinders, tieners en families om saam te doen. Die toep se inhoud is so geskryf dat kinders van verskillende ouderdomme saam daarna kan luister en daaroor gesels. Elke week het ’n bepaalde teks en tema met stories wat aansluit by kinders se leefwêreld. Dit is dus die moderne gesin se ekwivalent van “huisgodsdiens”.

Hoe werk dit? ’n Mens laai die toep gratis by Google Play of Apple iStore op jou foon af. Elke dag is daar ’n vars oordenking om na te luister met ’n halt(pause) knoppie wanneer julle as familie verder oor die teks of vrae wil gesels of saam wil bid. Dit neem ’n familie ongeveer 10-15 minute om dit te doen en jul kan soggens of saans of selfs in die motor daarna luister. Die toep het ook agtergrondinligting en skakels in oor die tema/teks vir dié wat meer wil weet. Die tekste wat gebruik word, sluit gewoonlik aan by die leesroostertekste wat deur ons gebruik word vir preektemas.

**VOLWASSE BELYDENISAFLEGGING**

Indien jy as volwasse persoon belydenis van geloof wil aflê, kontak asb. vir ds MG by sel: 083 413 7100.

**GOD’S KAROO WOMEN 2023**

Die God’s Karoo Women 2023 vind die naweek van 3 – 5 November by Mentorskraal plaas. Die koste is R 320.00 vir die naweek of R 160.00 per dag. Kontak die God’s Karoo Women kantoor (071 398 6397) vir meer inligting.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 29 Oktober | Yolande Gerber en Etienne Janse van Rensburg |
| 30 Oktober | Charmaine de Klerk, Derek du Plessis en JD le Roux |
| 31 Oktober | Lydia Grobler, Lynette Lotter, Marthinus Nienaber en Anke-Mari Roets |
| 1 November | Thabo Botha, Stefan Gerber, Leah Hedderwick, Lucil Hiscock en Piet Kruger |
| 2 November | Christiaan van Niekerk |
| 3 November | Dwane Dicks, Thelma Grobler en André van Rooyen |
| 4 November | Joeline Barnard, Linzi Scholts, Altus Vosloo en Risto Strydom |

**PE NOORD HOU BASAAR**

PE Noord Gemeente hou op 4 November hulle jaarlikse basaar om nodige fonds in te samel. Hulle benodig op hierdie oomblik die volgende bestanddele: Meel, olie, suiker, jellie, vla, kondensmelk, melk, bakpoeier, vrugte, soppoeier, eiers en koeldrank.
Hulle benodig ook items vir die Wit Olifant tafel.
Hierdie items kan Sondae in die voorportaal van die kerkgebou in die groot mandjie geplaas word, of Maandae en Woensdae tussen 8:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word.
Kontak Sonja Spies (084 516 4925) vir meer inligting.

**TIENDEMAAND DANKOFFER – SONDAG 29 OKTOBER 2023**

In 2 Korintiërs 8:1-5 skryf Paulus van die gemeentes in Masedonië. Al was hulle baie arm, was hulle ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid. Hulle was deel van die liefdeswerk van hulpverlening aan die arm gelowiges in Judea. Hulle het na vermoë, ja, bo vermoë, bygedra. Dit was meer as wat Paulus hulle verwag het, want **eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe deel geword van die hulpverlening. Dit is soos God dit wil. Ook ons gee eers onsself aan die Here en dan gee ons uit dankbaarheid onder andere ons goud en silwer. Dit is soos God dit wil.**

Ons begroot hierdie jaar vir R332 000 vir die Tiendemaand dankoffer. Hoe werk die Tiendemaand insameling?
1. Jy kan in die voorportaal van die kerkgebou of die kerkkantoor 'n tiendemaand dankofferkoevert kry wat jy enige tyd kan inbetaal, in die dankoffersakkie kan gooi of by die kerkkantoor kan inhandig. Sondag 29 Oktober 2023 is die amptelike 10de maand dankoffer Sondag.
2. Jy kan 'n elektroniese inbetaling, aangedui as Tiendemaand Dankoffer, in die rekening van die gemeente doen.
3. Of gebruik SnapScan.

**SPESIALE BEDERF VIR JONG OUERS- SONDAG 12 NOVEMBER 2023 (Sawubona Sondag)**

As deel van, en na afloop van ons Klassieke Kerssangdiens op 12 November, wil ons graag alle ouers met kinders jonger as 2 jaar spesiaal uitnooi. Baie ouers maak kinders groot sonder 'n ondersteuningsraamwerk, en ons wil as geloofsgemeenskap hul ondersteun. Na afloop van die Erediens kuier ons almal saam in die saal. Ons wil graag die gemeente uitnooi om 'n bederfie saam te bring vir so jong ouer. Vir enige navrae, kontak gerus Ds Toit

**NUWE INTREKKERS- SONDAG 19 NOVEMBER 2023**

Die afgelope 2 jaar het daar baie nuwe vriende by ons gemeente aangesluit. Ons nooi die gemeente, maar veral die nuwe intrekkers uit om op Sondag 19 November na afloop van die Eietydse Kerssangdiens te kom saamkuier in die saal. Indien jy nie op Whattsapp 'n uitnodiging gekry het nie, laat weet asb vir Niekie van die kerkkantoor daarvan en of jy as nuwe intrekker hierdie geleentheid gaan bywoon.

**Ons Hoërskool Leerders gaan weer saam met Lorraine Gemeente stap**

40 Tieners van Kraggakamma en Lorraine gemeentes gaan vanaf 5-7 Desember saamstap by Eerstervier. In 2022 was hierdie stap 'n groot sukses. Ons het sovêr 12 inskrywings ontvang. Ons gaan die jaar Eersterivier as basis gebruik en dit kos R500 pp wat vervoer, verblyf en etes insluit. Moenie die geleentheid misloop nie. Laat weet gerus vir Ds. Toit Wessels (084 240 2916) indien jy belangstel.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan